



Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Mei 2008
Jaargang 101 Nummer 2

In hierdie uitgawe

- BI 1 Ons glo in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker... (Ds André Ungerer)
- BI 2 **Van die redakteur, prof Piet Geysers:** Ek glo in... die Heilige Gees
VTT 2008
- BI 3 **Geloof en geskiedenis**
Die kerk op weg (Dr Christo Pretorius)
Die geskiedenis se pad met die Afrikaner (boekresensie) (Mnr Nándor Sarkady)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Nederlandssprekende Gemeente vier 50 jaar
- BI 6 **Wat kerknous aanbetref**
Drie Hervormde teoloë deur UP vereer
Prof Andries van Aarde bekroon
45ste NHSV Nasionale Kongres 2008
- BI 7 **Gespreksforum**
Sonder kerkskuld is ons toekomsgerig (Mnr Kobus Viljoen)
'n Lidmaat sê dankie (Isaac Wagner)
Handleiding vir Hervormers (Ds Etienne Fourie)
- Agterblad **Oordenking**
God is met ons (Ds Petri van Rooyen)



Ons glo in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker...

Ds André Ungerer vra 'n ongemaklike vraag:

Die Heer en Lewendmaker het sy kerk gevestig in 'n heidense omgewing. Hoe is dit moontlik dat in ons land met soveel Christene daar so min tekens is van ingrypende verandering? Hoekom floreer misdaad, geweld, moord, aborsie, verkragting, korrupsie, materialisme, rassisme op só 'n ongekende skaal? As 'n skrale 10,5% Christene die Romeinse Ryk kon dwing tot ingrypende verandering, hoekom nie in 'n land waar 80% Christene is nie?

Is dit omdat die kerk in institusionalisme verval het – die groot siekte van die kerk na Konstantyn? Ons fokus het na binne verskuif, na die versorging van eiebelang, geboue en strukture. Toe die kerk in die eerste drie eeue uitsluitlik 'n beweging was sonder veel strukture en kerkgeboue, het Christene invloed gehad en God het sy kerk laat groei – in stegies waar kermende siekes versorg is, in huishoudings waar 'n man sy vrou en kinders liefgehad het. Daar is heidene werklik aangegryp deur Christene se ware liefde.

Prof Piet Geyser skryf in sy redaksionele berig oor die vrug van die Gees:

Nadat daar taamlik uitvoerig oor Jesus Christus bely is, vervolg die Twaalf Artikels met die enkele sinnetjie oor die Heilige Gees: *Ek glo in die Heilige Gees*. Ons sou wel kon redeneer dat alles wat volg ook met die Heilige Gees te make het – die kerk, die vergifnis, ewige lewe en so meer. Maar dit bly tog darem opvallend dat ons oor die Gees self net die enkele sinnetjie prewel.

Miskien getuig dit positief dat die vroegste kerkgemeenskap nie teoreties oor die Gees nagedink het nie. Hulle het nie probeer om die Gees in woorde of begrippe noukeurig te definieer nie. Die Gees was 'n groot lewende werklikheid. Hulle is deur die Gees besiel en in beweging gebring. Die Gees het hulle geleer, gelei en oortuig. Hulle was geroep en gedring om die vrugte van die Gees te dra. Hulle het elkeen in hulle geroepenheid die gawes van die Gees uitgeleef soos die Gees aan elkeen gawes gegee het soos Hy wou.

Ons kan vashou aan die wesentliche riglyn van 1 Korintiërs 12: 3 dat niemand kan sê dat Jesus die Here is nie behalwe deur die Heilige Gees. Om te glo in Jesus Christus, is vir ons die toetssteen of die Gees ook by ons teenwoordig en aan die werk is.